



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 29 MEI 2022

SEWENDE SONDAG IN PAASTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Pinkster 2022

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Psalm 104:24-34, 35b; Handeling 2:1-21;
Romeine 8:14-17; Johannes 14:8-17, (25-27)

SONDAG, 29 MEI

DANKBAARHEIDSONDAG
PINKSTER BEGIN

- 09:30 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo
DOOP
Deuroffer: Hawesending
Erediensspan 4 – Neels Kruger
- 09:30 Kleuterkerk
09:30 Kinderkerk
- 18:00 Senior kategese
19:00 Pinksterbiduur

MAANDAG, 30 MEI

- 09:30 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

DINSDAG, 31 MEI

- 09:30 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

WOENSDAG, 1 JUNIE

- 09:30 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

DONDERDAG, 2 JUNIE

09:30 Pinksterbiduur

19:00 Pinksterbiduur

Sopbeurte: Mary Abrahams, Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie,
Christa Smit, Esther/Louis van Eeden

VRYDAG, 3 JUNIE

09:30 Pinksterbiduur

SATERDAG, 4 JUNIE

SONDAG, 5 JUNIE

BIDDAG VIR EKOLOGIE
PINKSTERFEES

09:30 Oggenddiens

Deuroffer: Durbanville Kinderhuis

Erediensspan 1 – Chris van Niekerk

09:30 Kleuterkerk

09:30 Kinderkerk

Geen Aanddiens

18:00 Senior kategeese

GEMEENTENUUS

1. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
Christiaan Lodewiekus Barnardo, seuntjie van Lodewiek en Yolanda Barnardo.
Die grootouers is ds Chris en Carina Barnardo en die agter-grootouers is
Anita du Preez en Chris en Elsie Els. Estelle Britz, voorheen van ons
gemeente, is die ouma wat vir Christiaan inbring.
2. Marie de Wit (Othello) is in die hospitaal opgeneem.
3. Japie Kitshoff (Manatokalaan) is in die hospitaal.
4. Koos Smit (Klaradyn) is baie siek in die hospitaal.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 8 Junie 2022 om 19:00.
Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen
31 Mei 2022.
2. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65
per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
3. Gedurende Pinkster sal daar deuroffers ten bate van Bybelverspreiding opgeneem
word.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Hawesending

Bykans 30 000 seevaarders uit meer as 70 lande besoek jaarliks die hawe van Kaapstad. Dié buitelandse sendinggeleentheid is letterlik op ons voorstoep. Die bediening van die Christus-evangelie aan ons besoekers – deur skeepsbesoeke, persoonlike gesprekke, vriendskapsevangelisasie en sosiale hulpverlening, word sedert die 1940's in die Kaapstad-hawe onderneem, het 'n ekumeniese uitreikaksie geword en strek vanaf Richardsbaai in die ooste van die land tot by Saldanha-hawe in die weste. Bediening onder die vissergemeenskap het hieruit gegroei, is in 1984 in Houtbaai begin en word tans ook in Kalkbaai, Saldanha en Mosselbaai onderneem. Hierdie manne en vroue is verantwoordelik vir die vervoer en voorsiening van ons almal se elkedagse gebruiksgoedere. Hulle benodig ons gebede en ons ondersteuning vir hulle geestelike behoeftes.

Me Carin Brink | 083 651 9515 | cbrink@kaapkerk.co.za
Webwerf: <http://imsacape.christians.co.za/>

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

29/05 Tielman Roos (jnr), Wilma Palvie, Ronica Wolfaardt

30/05 Willem Valentine, Pierre Steyn


31/05 Daniel Vlok, Erica van Dalen

01/06 Babara Bouwer, Danelle Smuts, Hein Bester

02/06 Talitha van Staden

03/06 Marina de Kock, Anna Jacobs(92), Louis Jordaan, Lenell Labuschagne,
Chris van Niekerk, Yolandé Coetzee

04/06 Marlene Bosman, Koos Viljoen, Sarie de Milander



KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal die 1ste week van die skoolvakansie van 27 Junie tot 1 Julie gesluit wees en heropen weer Maandag 4 Julie.

Vakansie kantoor ure van 4 Julie tot 18 Julie:

Maandae en Vrydae: 08:00 – 12:00

Dinsdae tot Donderdae: 08:00 – 11:00

BYBELSTUDIE

Senior Bybelstudie- en Othello Bybelstudiegroepe

Vanweë Pinkster en ds Hannes se verlof daarna, hervat die Bybelstudie soos volg:


Senior Bybelstudie hervat 19 Julie 2022

Othello Bybelstudie hervat 27 Julie 2022

BASAAR – 28 MEI 2022

Ek wil graag vir al die konvenors, hulle helpers en die kerkkantoor-personeel baie dankie sê vir die bydrae wat julle gelewer het vir gister se basaar. Ook baie dankie aan al die baie lidmate wat op 'n manier 'n bydrae gelewer het, hetsy jy as dienswerker of wyksleier basaarvorms uitgedeel en ingevorder het, of deurdat jy produkte, bestanddele of geld geskenk het vir die basaar. Niks wat iemand gedoen het, was te gering nie. Elkeen se bydrae was Koninkrykswerk!

Johan Morkel (hoofkonvenor)



Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die basaar so 'n wonderlike geleentheid te maak: ons sameroeper, Johan, en sy span konvenors, elkeen wat iewers gehelp het, en ons personeel wat so hard agter die skerms gewerk het. Ons waardeer julle!

Ds Hannes Burger



PREEKSKETS

TEMA – God se kinders hou 'n familie reünie

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Psalm 127



1. Inleiding. 'n Tuiste, wat is 'n tuiste? Anders as 'n huis of 'n woonstel, is 'n tuiste die plek waar gesinne onbevange net hulleself kan wees. 'n Tuiste is 'n veilige plekkie waar gesinne kan gedy en waar liefde seëvier. 'n Tuiste is die plek waar die Here die ereplek in ons huis inneem en waar elke lid van die gesin weet dat God alles en in almal is. Dit is 'n tuiste.

(¹As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs....)

2. Die Gesin is een van God se meesterstukke. Gesinne was en is God se idee. Dit was God wat die eerste vrou vir die eerste man gegee het. Dit was God wat die eerste kind vir die ouers gegee het. As daar een ding in die lewe is wat God wil hê ons in orde moet kry tesame met 'n intieme persoonlike verhouding met hom, is dit ons huise. Huise moet in tuistes omskep word. God soek na geloofsgroei binne gesinne. Wat kan jy saamneem hemel toe? ...Net jou kinders!

3. Pappa en Mamma liewe voog, wees 'n parate voetsoldaat (krygsman en krygsvrou). Jy is nie paraat met net 'n geweer teen jou skouer en 'n leë magasyn nie. Net so min soos 'n boogskutter sonder pyle in sy koker. Daardie pyle moet elke dag nagegaan en versorg word. Die pyle moet glad poleer wees sodat maksimum afstand en slaankrag bereik word. Die boogskutter moet toesien dat die pyle se punte skerp is. Die teiken moet elke keer getref word. Ouers en voogde, julle is die voetsoldate, die boogskutters. Julle kinders is die pyle in julle hande waarmee julle die geestelike oorlog baklei. Vind daar geestelike versorging in die gesin plaas? Hoe lyk julle gesin se geloofsgewoontes? Poleer julle die pyle, rond julle die pyle geestelik af. Hoe lyk hulle skerppunte. Dink julle hulle sal goettoen in die geveg. Of skiet julle sommer uit die heupe en hoop dit is mog getroffe?

(³Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee. ⁴Soos pyle in die hand van 'n krygsman, so is seuns wat gebore is....)

4. Ten laaste. Julle sal nooit enigiets groter in julle lewe bereik of met julle lewe doen as om seker te maak dat julle kinders op so 'n wyse die teiken tref dat hulle nalatenskap vir ewig sal wees nie. Kom ons hou 'n familie reünie en vier die lewe saam met ons Meesterbouer. Hy wat kinders as geskenke vir ons gee!